

Klassieke Feëverhale

Hansie en Grietjie



Eendag Lank Gelede

Hansie en Grietjie het in 'n klam huisie aan die donker kant van die Lang Verlore Woud gewoon.

Hul ma het een ysige dag gesterf, so hul pa het met 'n nuwe vrou getrou wat NIE so dierbaar was soos wat sy gelyk het nie. Eintlik was sy so erg soos 'n vrot appel.



“Jou kinders eet te veel,” het sy eendag by haar man geklae, terwyl Hansie en Grietjie 'n enkele ou sny brood gedeel het. “Jy moet hulle in die bos los en die wilde diere vir hulle laat versorg.”



Hul pa was geskok. "As ek dit doen, sal die wolwe hulle eet," het hy geprotesteer. "En as jy dit nie doen nie, sal ons almal sterf van die honger," het die nare stiefma gesnap. "Vat hulle vanaand weg."



Toe die eerste ster geskyn het, het die kinders se pa hulle langs 'n deurmekaar paadjies na 'n krom boom gelei. "My liefling," het hy gekreun , "wag hier terwyl ek vuur maak hout soek." Toe het hy weg gestruikel, terug na sy klam huisie en sy wrede vrou.



Baie gou het wolwe begin tjank en die kinders het gebewe.
“Ons het te ver gestap,” het Grietjie gesug. “Ons pa is verlore,
en nou is ons ook.”

“Moenie bekommer wees nie, kleinsus,” het Hansie met ’n
glimlag gesê. “Ek het ons stiefma se aaklige plan gehoor, so ek
het elke draai van die pad met spierwit klippies gemerk.” En
daar in die sterlig sien Grietjie 'n lyn van blink klippe!



Die kinders het die wit klippies gevolg, en teen sonop was hulle veilig tuis - maar hul stiefma se glimlag was so koud soos die winter reën.

“Man,” het sy gesis. “Kyk hoe treiter jou twee plaë my. Vanaand moet jy hulle vir altyd verloor.”




Sy het vir elke kind 'n stukkie ou brood gegee, en toe het hul pa hulle deur die Lang verlore Woud gelei, hulle het hom hartseer geagtervolg. Na baie kilometers het hy sy oë af gegee en vir hulle gesê: “Wag hier, my liefling kinders, terwyl ek na ryp braambessies gaan soek.”



Hulle het geweet hy sal nooit terugkom nie, maar toe die wolwe tjank, het Hansie geglimlag en gesê: “Moenie bekommer wees, kleinsus. Hierdie keer het ek 'n spoor van klein wit broodkrummels gestrooi.”



Ongelukkig! Was daar geen spoor te sien nie – honger voëls het ELKE krummel gesteel. So het die twee kinders op 'n bed van bruin blare geslaap, en in hul drome het hulle 'n wit duif gesien wat bo hulle sirkel en roep: “Volg my! Volg my!”



Toe hulle die mistige oggend wakker word, was daar die wit duif wat weg fladder! “Kom ons volg haar,” sê Hansie. “Dinge kan nie erger word nie.”



Amper op een slag, het die kinders 'n wonderlike huisie gesien wat van gemmerbrood en lekkers gemaak was. Hulle monde het gewater, en kort voor lank het hulle aan heerlike stukkies muur en vensterbank geknibbel.



Skielik het 'n suikersoet stem gesê: "Kom in my geliefdes en maak juisself warm." 'n Ou dame het by die deur gestaan, en die kinders het vergeet om bang te wees.



Hulle het in gegaan, en toe het die deur agter hulle toe geklap.
Hulle was in 'n heks se huis vasgekeer!



Nou het haar stem so hard soos 'n seerots geword. "Het jou!" het sy gekekkel en sy het vir Hansie in 'n ysterhok toegesluit.

“Seun, jy sal mollig en sappig word. Meisie, jy sal my slaaf wees.” Arme Hansie. Die heks het hom vet gemaak totdat hy so rond soos 'n lemoen was.



Uiteindelik het die heks geskreeu, “Meisie! Maak die vuur warm. Ek wil Seun pastei vir my tee hê.” “Ek is baie jammer,” het Grietjie beleefd gesê, “maar ek het nog nooit voorheen 'n Seun pastei gekook nie. Dink jy die oond is warm genoeg?”



Die heks het met haar voete gestamp en in die oond geloer.
"Dis WARM, WARM, WARM!" het sy geskree, en geen wonder
nie... Grietjie het haar binne in gestamp en het die deur toe
geslaan!



In oomblikke was Hansie vry. Die twee kinders het die heks se skat gegryp en na buite gehardloop, om die wit duif te kry wat vir hulle wag.



Natuurlik het sy hulle met die kortste pad huis toe gelei, en toe hul pa hulle sien, was sy glimlag so warm soos die somerson.



(Verbasend genoeg het Hansie en Grietjie se aaklige stiefma daardie selfde dag verdwyn – terwyl al wat oorgebly het van die bose heks was net een gerookte gemmerkoekie)

Die Einde





THINK
DIGITAL ACADEMY

